

# Betekenisvolle ontwikkelings aan die rekenaarfront 1985–1995

Martin S Olivier

**Internet:** Hoewel hierdie netwerk reeds meer as 'n kwarteeu bestaan, het dit meeste van ons eers in die afgelope dekade bereik. 'n Onlangse opwindende ontwikkeling is kommersiële aanwending van hierdie netwerk wat tradisioneel die domein van akademici was.

**Microsoft Windows 3:** Sommige mense kan hulle nie 'n rekenaar sonder *Windows* indink nie, terwyl andere dit hoogstens onder protes gebruik. Tog beïnvloed *Windows* 'n ieder en 'n elk wat 'n rekenaar gebruik op een of ander wyse.

**CD-ROM:** Omdat dit 'n goedkoop medium verskaf waarop 'n hoë volume inligting versprei kan word, word dit al meer aangewend om nuwe programmatuur, asook groot databasisse na die gebruikers te versprei.

**Multimedia:** Die kombinasie van klank, video en ander kommunikasiemiddels om boodskappe kleurvol en duidelik oor te dra het die persoonlike rekenaar-mark met mening sedert 1991 getref. Multimedia rek aanwending van rekenaars verby die tradisionele toepassings na toepassings vir die breë publiek in winkelsentrums, museums, opvoedkundige inrigtings en elders.

**Virusse:** Sowat agt jaar na die verskyning van die eerste rekenaarvirus maak nuwes nog gereeld hulle verskyning. Aan die positiewe kant het dit die aandag van meer mense op rekenaar-sekerheid gevestig; aan die negatiewe kant kos dit nog steeds ongelukkig baie tyd en moeite om daarvan ontslae te raak.

**PowerPC:** Het Intel kompetisie vir hulle Pentium? Die PowerPC van IBM en Motorola is die eerste mikroverwerker in jare wat die potensiaal het om die 8086-reeks te vervang. Die Apple Macintosh is reeds met 'n PowerPC beskikbaar en IBM stel vanjaar hulle persoonlike rekenaars bekend wat op die PowerPC gebaseer is.

**ISDN** (*Integrated Services Digital Network*): Hierdie netwerkstandaard word gebruik om beide data- en klankseine te dra. Dit beteken dat beide sakeondernemings en tuisgebruikers hulle telefoonverbindings kan vervang met 'n verbinding wat gelyktydig agt of meer toestelle soos modems, faksmasjiene, telefone, ensovoorts kan ondersteun. 'n Faksboodskap of data kan gestuur word in 'n fraksie van die tyd wat dit tans neem. En boonop kan die toestelle gelyktydig gebruik word. Hierdie diens, wat reeds 'n tyd lank in Suid-Afrika getoets is, is nou kommersieel beskikbaar in die groter sentra.

**Objek-oriëntasie:** Hoewel objekgeoriënteerde programmeertale se wortels tot in die laat 1960's terugstrek, het die afgelope dekade gesien dat objekgeoriënteerde beginsels vir stelselontwerp, databasisse, kennis- en ander stelsels gebruik word. Daar is inderdaad min stelselontwikkeling hulpmiddels oor wat nie tot 'n mindere of meerdere mate op die objekgeoriënteerde paradigma geskoei is nie.

**Draagbare rekenaars:** Die afgelope tien jaar het die ontwikkeling van werklik draagbare rekenaars gesien wat geensins hoef terug te staan vir hulle lesenaar familieledes nie: skootrekenaars, notaboekrekenaars en selfs palmrekenaars.

**Laserdrukkers:** Tien jaar gelede moes mens nog kies tussen die veelsydigheid van stippeldrukkers en die hoë kwaliteit van speekwioldrukkers. Vandag is kwaliteit en veelsydigheid (saam met hoë spoed) gekombineer in laser- en inkstraaldrukkers.

Martin S Olivier, "Betekenisvolle ontwikkelings aan die rekenaarfront 1985–1995," *Tien uit Tien — 'n Bylae met De Kat se tiende verjaardaguitgawe*, p. 48, Julie 1995

Voorgelegde manuskrip; gepubliseerde artikel se teks is geredigeer  
Bron: <http://mo.co.za>